# 0 - 3 JAAR

## REëLS EN REGULASIES

KAMMALAND LORRAINE is ʻn Christelike voorskoolse kinderontwikkelingsentrum wat geregistreer is by die Departement van Onderwys en offer ʻn kurrikulum gebaseer op die ELDA-program (Early Learning Development Areas) vir kinders vanaf die ouderdom 0 – 5. Ons wil graag net die beste diens lewer aan u en u kind en daarom vra ons mooi: Lees asseblief die volgende informasie en bêre op ʻn veilige plek. Indien u enige navrae het, is u meer as welkom om ons ʻn luitjie te gee.

## <u>OUDERDOM</u>:

**KINDERS VANAF 0 TOT 3 JAAR**

## <u>FOOIE</u>:

**REGISTRASIEFOOI VIR NUWE INSKRYWINGS**: R300 betaalbaar met inhandiging van inskrywingsvorm.
**REGISTRASIEFOOI VIR HER-INSKRYWINGS** : R150 betaalbaar met inhandiging van her-registrasievorm.
Neem asb kennis dat die registrasiefooie nie terugbetaalbaar is nie.

Fooie is oor ʻn jaar uitgewerk en die bedrag is in 12 eweredige paaiemente verdeel. Fooie is ʻn maand vooruitbetaalbaar. Rente van 5% sal op die uitstaande bedrag gehef word indien dit nie betaal is teen die 7de van die maand nie. Indien die paaiement nog steeds uitstaande is teen die 15de van die maand sal u kind toegang tot die skool geweier word. **Eerste betaling vir die jaar moet gemaak word teen 7 Januarie en laaste betaling van die jaar moet gemaak word teen 7 Desember.**

### Let asb op die volgende:

- Die skool is gesluit gedurende Desember en Januarie vir ʻn periode van 13 – 14 werksdae. Ons sal die finale datums vir ons jaarlikse sluiting aankondig teen Junie/Julie sodat ouers/voogde genoegsame tyd het om verlof vir die jaar te beplan.
- Die skool is ook gesluit op publieke vakansiedae en skoolvakansiedae. Skoolvakansiedae gebeur wanneer die publieke vakansiedag op ʻn Dinsdag of Donderdag val en die Maandag of Vrydag ʻn skoolvakansiedag verklaar word.
- Normale maandelikse fooie is betaalbaar gedurende Desember en Januarie - GEEN afslag word toegeken nie.
- Ons kry gereeld navrae oor hoekom fooie in Januarie en Desember betaal moet word. Ons offer die geleentheid om skoolfonds oor 12 maande af te betaal i.p.v. eenmalig. <u>Ouers/Voogde is meer as welkom om eie diskresie te gebruik en elke maand ekstra te betaal om die jaarlikse fooi vroeër klaar te betaal.</u>
- GEEN terugbetalings vir enige afwesigheid word onderneem nie.
- Indien die skool moet sluit vir enige rede buite ons beheer, sal fooie ten volle nog betaal moet word (bv. Covid pandemie).
- Gebruik asb u kind se naam en van as verwysing wanneer u betaling maak. Weens veiligheidsredes word geen kontant by die skool aangehou nie en ons versoek dat skoolfonds elektronies oorbetaal word.

- Fooie wat ten volle betaal is teen EINDE JANUARIE sal 'n 10% AFSLAG ontvang  Fooie wat ten volle betaal is teen EINDE FEBRUARIE sal 'n 5% AFSLAG kry.  Geen afslag word geoffer vir fooie wat ten volle betaal is vanaf 1 Maart nie.
- Ons doen nie verdeelde fakture tussen ouers nie.  Ons rekeningkundige sisteem laat ons slegs toe om een staat per e-pos te stuur.  Dit is die verantwoordelik van die ouer wie die staat ontvang om te verseker dat betaling behartig word.

**ONS BANKBESONDERHEDE IS SOOS VOLG:**

| | |
|---|---|
| **Rekeningnaam:** | **KAMMALAND LORRAINE** |
| **Bank:** | **FNB** |
| **Takkode:** | **255355** |
| **Rekeningnommer:** | **6300 3545 605** |

## DOKUMENTE BENODIG SAAM MET INSKRYWINGSVORMS:

**Ons benodig afskrifte van die volgende dokumente asb:**

ID van ouers/voogde
Mediese skema kaart
Kind se immunisasies op kliniekkaart
Kind se geboortesertifikaat
(Herinskrywing benodig nie bogenoemde dokumente nie, behalwe bewys van opgedateerde immunisasies.)

## PERSOONLIKE INLIGTING (POPI)

Persoonlike inligting word slegs gebruik vir die volgende doeleindes:

- Fakture en state te stuur vir betaling
- Ouers en voogde te kontak ingeval van 'n noodgeval
- Ouers en voogde in te lig oor kind se akademiese en sosiale vordering
- Ouers en voogde op datum te hou met nuus in die klaskamer en enigiets rakende die skool
- Foto's te deel met ouers op Whatsapp groepies asook sekere sosiale media platvorms
- Direkte bemarking aangaande aansoeke vir die volgende skooljaar asook insamelingsprojekte
- Enigiets van belange rakende die kind, die ouer, die voog of die skool wat nie hierbo genoem is nie.

Persoonlike inligting mag slegs met 'n derde party gedeel word met die ouer of voog se toestemming, behalwe vir die volgende doeleindes:

- Indien benodig vir wetgewing soos gestipuleer deur die Kinderwet
- Indien aangevra deur Departement van Basiese Onderwys vir registrasie van skoolgaande kinders
- Indien 'n Graad R leerling se akademiese rekord aangevra word deur hul nuwe Laerskool
- Indien die kind in gevaar is en onmiddelikke mediese hulp benodig word
- Vir verjaarsdaguitnodigings

Die skool se POPI handleiding is beskikbaar op aanvraag.

## WHATSAPP GROEPE:

Elke skoolklas stig 'n Whatsapp groepie om met ouers te kommunikeer.  Op ons aansoekvorm gee ons u die opsie om te kies om deel te vorm van hierdie groepie.  Wanneer u deel vorm van hierdie groepie moet u kennis neem dat u telefoonnommer en naam sigtig is vir ander mense op die groep en dat die skool nie hierdie inligting privaat kan hou nie.  Ons vra dat alle ouers hierdie inligting met respek hanteer en met niemand anders deel nie.  Slegs skoolverwante inligting mag op hierdie groepies geplaas en gedeel word. Op ons aansoekvorm gee ons u die opsie om te kies of u kind se foto op die Whatsapp groep geplaas mag

word. Ons vra dat hierdie foto's ook met respek hanteer sal word en dat slegs individuele foto's van u kind op 'n sosiale platform geplaas word.

## KENNISGEWING:

Verskaf asb 'n kalendermaand se geskrewe kennisgewing voor u kind die skool verlaat. Kennisgewing kan gegee word vanaf e-pos, WhatsApp of 'n formele geskrewe brief. Neem asb kennis dat geen kennisgewing aanvaar sal word na die 1ste Oktober nie. Indien iemand kennis gee gedurende hierdie tyd, sal fooie vir Oktober, November en Desember gehef word.

## VERVERSINGS:

Ons voorsien kos aan ons kinders elke 3 ure. Die kinders ontvang ontbyt tussen 08h00 en 08h30. Middagete word al vroeg bedien tussen 11h15 en 11h45 sodat hulle gereed is vir hul middagslapie tussen 12h00 en 14h00. Ons voorsien 'n versnappering in die middag tussen 14h15 en 14h30.

## SKOOLURE:

Die skool se ure is 06h30 – 17h30 vanaf Maandag tot Vrydag. Ons vra dat ouers stiptelik sal wees en ons skoolure respekteer. 'n Boete van R200 sal gehef word indien u kind na-ure bly.
Ons 3 – 6 ouderdomsgroep se klasse begin om 08h00. Ons kleinhekkie sal dus om 08h00 gesluit wees om te verhoed dat hierdie klassies verhinder word. Indien u wel na 08h00 u kind kom aflaai, vra ons dat u die klokkie vir die kantoor sal lui en die ingang by die kantoor sal gebruik.

## BUITE-MUURSE AKTIWITEITE:

Ons het buite-muurse aktiwiteite wat aangebied word vanaf die ouderdom van 3. Ons bied Future Kings, Dance Kids, Gymini Kids, SoccerStarz, Playball en Stimuzone Rekenaars aan, afhangende van die belangstelling van die ouers.

## KLEREDRAG:

Klere moet gemaklik wees. Geen beste en mooiste klere nie, asb. Ons kindertjies doen allerhande morsige aktiwiteite deur die dag en raak vinnig vuil. Ons vra dat u alle kledingstukke duidelik merk. Ons neem nie verantwoordelikheid vir ongemerkte klere wat wegraak nie. Onthou om ekstra klere in te pak sodat ons u kleinding skoon huis toe kan stuur na 'n dag se avontuur.

## AFWESIGHEID:

Siek kinders moet asseblief by die huis bly totdat hulle volkome herstel het. Indien u kind 'n aansteeklike siekte het (bv. pienkoog, gastro, hand-voet-en-mond, masels, pampoentjies, waterpokkies, griep, ens.) vra ons dat u asb u klasonderwyseres sal inlig daaroor. Ons sal graag die res van die klas wil inlig om vir soortgelyke simptome uit te kyk. Verskaf asb 'n doktersbrief om te bevestig wanneer u kind terug skool toe mag kom.

Ons vra dat u, u klasonderwyseres sal inlig indien u kind enige van die volgende simptome deur die nag of oor die naweek gehad het: loopmagie, braking, koors, luieruitslag (enige iets ongewoons as u normale roetine). Dit is belangrik vir ons om te weet sodat ons u kind kan monitor vir enige ander simptome. Kommunikasie is baie belangrik om te verseker dat ons kleintjies almal veilig en gesond is.

Indien u kind enige onwelkom besoekers soos haarluise het, vra ons dat u ons so gou moontlik inlig daaroor. Ons sal graag inspeksie wil doen om seker te maak dat daar nie 'n ander bron van besmetting is nie. Kinders met haarluise word dadelik huis toe gestuur en mag slegs terug kom sodra die neute almal weg is of swart verkleur het.

Wanneer dit by siek kindertjies kom, het ons almal se samewerking nodig. Ja, ons verstaan dat meeste van ons ouers en voogde werk en het min verlofdae beskikbaar het. Ons sal u slegs vra om u kind huis toe te neem indien ons glo dit is in die beste belang van u kind en die ander kindertjies in die klas.

**MEDISYNE:**
Medisyne moet direk aan die onderwyseres gegee word sodat dit genoteer kan word. Medikasie moet asb voorafgemeet word om te verseker dat die regte dosis toegedien word. Neem asb kennis dat ons geen medisyne mag toedien sonder die ouer/voog se toestemming nie.

**SPEELGOED:**
Neem asseblief kennis dat ons geen verantwoordelikheid aanvaar vir speelgoed wat van die huis af skool toe gestuur word nie. Kindertjies speel hardhandig met hul speelgoed by die skool, hul ruil hul speelgoed onder mekaar uit en soms vergeet hulle waar hul die speelding gebêre het. Ons het meer as genoeg speelgoed om die kinders mee besig te hou.

**DISSIPLINE:**
By Kammaland word die kinders baie besig gehou, maar soms is dit nodig om die kind uit die onmiddelike omgewing te onttrek om konflik te vermy. As 'n skool glo ons daarin dat ons en die ouers/voogde as 'n span saam moet werk om dissipline toe te pas. Ons gebruik positiewe metodes in die klaskamer as motivering vir goeie gedragspatrone.

**BENODIGHEDE:**
1 x sap-/waterbottel
1 x formule bottel (indien nodig)
Weggooi doekies (U kan 'n pak by die skool los – ons gebruik ongeveer 5 doeke per dag)
1 x blik melkformule (indien nodig)
Ekstra klere – vir ongelukkies en afhangende van die weer
'n babasak waarin u kind se daaglikse benodighede gebring kan word elke dag
'n kussing en kombersie
Sonskerm en hoedjie vir buitespel

**MAANDELIKSE BENODIGHEDE:**
2 x pakke "wet wipes" (80 pak) OF 2 x rolle toiletpapier (as kleintjie potjie gebruik)
1 x handewasseep (soos benodig)

**ALGEMEEN:**
Ons sal verkies dat kinders teen 08h00 by die skool is om 'n gesonde skoolgaande roetine vroeg in hul lewensjare te bewerkstellig. Indien u laat is, lig u klasonderwyseres in. Ontbyt word om 08h15 bedien. Indien u kind laat kom, maak asb seker dat hy/sy ontbyt by die huis eet.
Die kleingoed word voorsien van 'n goed gebalanseerde middag maaltyd asook 'n middag versnappering. Geen kos is nodig vanaf die huis nie. Voorsien asb 'n bottel water of koeldrank vir deur die dag.
Indien u geld stuur vir 'n spesiale geleentheid, moet u dit asb duidelik merk en vir die klasonderwyseres gee.
Indien u vroeër u kind kom haal, reël dit vooraf met ons asb sodat ons u kind gereed kan kry . Slaaptyd is tussen 12:00 en 14:00. Reël asb opteltyd voor of na hierdie tye.

**ONS IS INNIG DANKBAAR OM U TE VERWELKOM AS DEEL VAN ONS KAMMALAND LORRAINE FAMILIE.**

ONS VERTROU DAT ONS NOG VELE VRUGTEVOLLE JARE SAAM SAL GENIET EN DAT U KIND SY/HAAR VOLLE POTENSIAAL SAL BEREIK VOORDAT HULLE IN HIERDIE WILDE WONDERLIKE WêRELD TREE AS JONG VOLWASSENES.

**SOOS DIE GESEGDE Sê: "IT TAKES A VILLAGE TO RAISE A CHILD!**

